Ps. 118: 12, 13.
Ps. 105: 1, 3, 5.
Ges. 28: 2, 4

# 'n Altaar vir die Here.

Gen. 12: 1-9
" 13: 1-18

Skimmelkop-Fees
16 Des. 1958.

Gen. 12: 7 – Toe bou hy daar 'n altaar vir die Here wat aan hom verskyn het.

Ons vergader hier vandag in die skaduwee van 'n gedenkwaardige monument. Wie iets van die gesk. van hd. gedenktekens weet sal dadelik besef dat dit meer is as 'n monument, meer is as gesk. gedenkteken – dat dit eintlik hier staan as 'n altaar, 'n offerstapel wat voor die aangesig van God opgerig is deur 'n skare van ongeveer 2000 Boere in die uur v. diepste duisternis en nood. → Waarom 'n altaar? Naby aan God-kerk

Daarom pas dit ons om vdm. na Gods Woord te gaan om eers te gaan sien wat 'n Godsman van ouds, 'n geloofsheld gedoen het en beoog het by die bou van 'n altaar – dan Vra: Wat wil ons hier? Neem ons vb. Abraham, die vader v. alle gelowiges in sy uittog op die verre en onbekende weg na Kanaan: Wel ons op dat keer op keer die geskiedenis vermeld: „Toe bou hy daar 'n altaar vir die Here" (Gen. 12: 7, 12: 8, 13: 18, 22: 9)

## I Wanneer het Abraham sy altaar gebou?

① By elke ~~groot oomblik in sy lewe~~ verskyning van God! Die eerste maal toe God aan hom verskyn (12: 7) met d. ongelooflike belofte dat God aan sy nageslag hd. land sou gee bou hy 'n altaar,

Dit was vir hom 'n onvergeetlike oomblik, 'n onbeskryflike ervaring: God aan Hom verskyn! Dit was sy stamelende antwd op Gods belofte: 'n altaar tot eer van God! Nd. groot en gewyde uur van sy lewe ....

→ Bloedrivier: ~~g~~ Gods antwoord en belofte: wat anders as dit?

→ Skimmelkoppie: „Een biduur zooals wy gisteren morgen hadden heb ik nog nooit bygewoond. Gods Geest greep ons aan en wierp ons in het stof ter neer. Ouden en jongen, voormannen en burgers-helden - snikken en onder uitlaad van tranen storten wy onze harten uit voor God"

③ By elke belofte van God: (Gen. 12:7 en 13:18) - As dit lyk of ~~daar~~ alles skeef loop en die pad vir Abram toegemaak word kom God met 'n hernuwing van sy verbond (Gen. 13 - Lot v Abram). En as teken v.d. verbond wat God hernu het word 'n altaar gebou

→ Skimmelkoppie: In dd. donker oorlogsjare toe dit gelyk het asof daar geen teekens en geen lig meer was nie, het God dit in d. harte v.d. burgers op kommando gegee om die verbond, gegee te Bloedrivier en hernu te Pfkraal, weer te hernu. Hier op d. koppie het D. Kriel d. gelofte v Bloedrivier voorgelees en gevra dat elkeen wat dit ems meen om die verbond te hernu met God moes opstaan .. „De gansche schare - klein en groot - stond voor het aangezicht des Heeren. Het was voorwaar een emstig oogenblik"

③ By elke besprenning v God:

– Die donkerste oomblik in Abr.-se lewe: die kind v belofte, die enigste teken v. sy geloof – gaan offer: alles afwy wat opgebou is, alles verpletter waarop sy hoop gebou was! God was, God eis: bou 'n altaar!

II Waarmee het Abram gebou? Nd. trekker op verse wie het niks anders gehad as die eenvoudige klippe v.d. veld: die ruwe rots, die ongekunstelde skeppingswerk v God, gehaal uit die bodem van die grond waarop hy staan.

Dit was nie moontlik om ander sulke omstandighede 'n swierige, duur en oorkunstige monument op te rig nie – al wat hy kan doen was die oprigting van 'n eenvoudige nr. juis daarom des te meer treffende klipstapel as sprekende getuienis van sy offergees.

→ Dit ly nie d. minste twyfel dat die voorbeelde van sulke altare & gedenkstene i/d gesk. v. d. O.T. ons Boerevolk baie sterk be-invloed het in d. oprigting v. hulle volksaltare – met een of twee uitsonderinge is hulle almal eenvoudige ongekunstelde skeppinge sonder swier of spog – maar sprekend

Ofmee wil ek nie te kenne gee dat die oprigting van 'n sierlike en grootse monument nie mag geskied nie, mr. ek wil beklemtoon dat ons voorvaders tevrede en gelukkig was met 'n eenvoudige steen of altaar wyvan die waarde nie opgesluit was in sy blink gepoleerde marmer, sy duur ontwerp, sy grootse voorkoms nie – maar in die boodskap wat dit gebring het!

(Vb. ~~[illegible]~~ Paardekraal, Vrouemon., hd.-un).

→ Ons volk het gekom van dd dae: geweldige ommentelinge die afgelope 50 jaar: ongekende ekon. opgang, groot stede, praggeboue, gerief en gemak, uitgewikkelde beskawing:

Mr. ken ons nog d. krag v eenvoud?

Bewaar ons nog die maatstaf vir 'n persoon se blyw. waarde: nie sy sterkte in geld & aansien v prysie, m. in karakter, in siele-adel, in morele krag? Tel die dinge nog? Of – blind vir hd. waardes?

→ Wofmee bou ons ons altaar? het Ander volke se sedes opvattinge, opvoedk. idees, godsd. beskouinge? Die klip v. ons eie bodem nie te eenvoudig, te m., te onbeskaaf geword vir baie van ons volk? Nie blink genoeg? Skaam vir ons eie erfgoed? Minderwaardig t.v.m. die sgn. meerdere siening van die vreemdes?



## III ~~Hoe~~ het Abram gebou?

Miskien sal iemand antw. en sê: Dit was uit vrees vir God; dit was uit die benoudheid v.d. oomblik. – Ons sien niks hfv in sy gesk nie – wr wat ons wel sien is twee uitstaande gesindhede, openbaringe van Abr. se hele lewe:

① Gebou in geloof

② Gebou in gehoorsaamheid

① In geloof: God kom en maak aan Abr. 'n oorw. belofte (Gen. 12:7) – en Abr. neem God op sy wd – en bou 'n altaar.

– Abr. v Lot skei van mekaar v Lot kry d. beste land v weiding: God kom en gee weer aan Abr. 'n uitvoeriger uiteensetting van dies. belofte (Gen. 13:16-17) – en Abr. neem God op sy wd

– Abr. moet Isak gaan offer (Gen. 22)

– Doen alles i.d. geloof: "Want hy het die stad verwag wat fondamente het, wie God die boumeester & ontwerper is" (Heb. 11:10)

"In die geloof het hulle almal gesterwe

→ Die deel van God met ons volk in Afrika: gesien vanuit 'n nugtere verstand:
- ons voortbestaan
- ons beïnvloeding v leiding van ander rasse

Gesien vanuit d. geloof

② In d. gehoorsaamheid:

Ware geloof lei altyd tot aksie —